Project name: AL3283

Date of interview: 5 October 2009

Location of interview: Centurion, Pretoria

Language/s of interview: Afrikaans

Length of interview: 5 minutes 36 seconds

Name of Interviewer: De Wet Potgieter

Name of interviewee/s: Director Henk Heslinga

Name of translator (if any): De Wet Potgieter

Name of transcriber:

Notes on access and use (if any):

Audio file name/s of interview: AL3283_PTA_HESLINGAHENK_20091005_2

| | |
|---|---|
| De Wet | Ek sit hier saam met direkteur Henk Heslinga, voormalige hoof van Pretoria se moord-en-roofafdeling. Dit is Maandag 5 Oktober 2009 in Centurion. Henk jy was destyds betrokke gewees by die Goldstone-kommissie se ondersoek. Kan jy net vir ons verduidelik. Eintlik sê net vir my van wanneer tot wanneer was jy daar en wat was jou rol daar gewees. |
| Henk | Ja, ek was vir twee en 'n half jaar verbonde aan die Goldstone-kommissie. As ek reg kan onthou in 1992 toe ek by Soweto moord-en-roof bevorder is tot luitenant-kolonel is ek verplaas na hoofkantoor om deel te vorm van die onlus- en geweldsmisdaad-lessenaar en toe ek so maand daar was toe kom roep gen. Van der Westhuizen my en sê daar is 'n regter met die van Goldstone en hy moet nou 'n kommissie begin. Hulle soek 'n polisieman wat die swart gebiede ken en kennis het van moord en soek 'n speurder of ek sal belangstel want dit gaan net vir drie maande wees.<br>Ek het toe geen probleem gehad en ek is toe aan regter Goldstone voorgestel en ek is toe oorgeplaas na regter Goldstone toe, maar toe begin ons ondersoeke so uit te brei dat ek moet later lasbriewe uitvoer, verklarings neem en opdragte uitvoer en dagvaardigings dien in die naam van die Goldstone-kommissie en volgens die wet kon dit net lede van department |

| | |
|---|---|
| | van justisie wees.<br>Ek is toe amptelik gesekondeer aan departement van justisie en volgens die wetgewing was ek toe aangestel as ’n komiteelid van die Goldstone-kommissie wat my toe die magte gegee het vir visenterings en diening van dagvarings. |
| De Wet | In my boek Total Onslaught het jy die eerste keer onthul dat jy, terwyl jy by die Goldstone-kommissie was, was jy inderdaad ’n dubbel-agent gewees. Kan jy net vir ons verduidelik hoe dit gewerk het en die omstandighede, en wat jou rol was daar. |
| Henk | Ja, ek was destyds ingeroep deur die speurhoof, gen. Le Roux en hy het my toe vertel wie Goldstone eintlik was. Hy was eintlik die ou wat altyd die veil igheidsgevangenes in die selle en in die tronke gaan besoek het en of ek bereid sou wees om vir hulle inligting te kry dat hulle net ’n idée het waarmee die Goldstone-kommissie betrokke was.<br>Ek het myself gesien as ’n baie lojale polisie-offisier en ek het onmiddelik ingestem en ek het dit my focus gemaak want ek het vyandiggesindheid onder my kollegas ervaar omdat ek nou by die Goldstone-kommissie werk, maar ek het diep in my gewete en dit het my verder gemotiveer ook om as ’n dubbele agent op te tree en ek het sover as wat ek gegaan het, ek het teruggerapporteer aan gen. Le Roux en aan komm. Johan van der Merwe.<br>Ek het baie dokumente in die aande en oor naweke gaan fotostateer en gesorg dat gen. Le Roux en gen. Van der Merwe die inligting kry. Ek is vandag trots daarop dat ek ’n dubbele agent was.<br>Dit was vir ’n goeie doel en ek al my inligting aan die polisie gegee. |
| De Wet | Jy was nooit uitgevang toe jy dubbele agent was nie. Die eerste keer wat dit bekend geraak het was toe jyself bekend gemaak het. |
| Henk | Ek was. Die tyd toe Eugene de Kock gevang was, was daar ’n direkteur Du Plessis of kol. Du Plessis van hoofkantoor wat ’n verklaring gaan maak het dat die inligting oor Eugene de Kock bekend gaan maak het. Gene de Kock is toe gearresteer en as gevolg daarvan het die Night of the Generals gevolg waar die ander klomp generaals geskors was.<br>Hy het vir regter Goldstone afgetip en gesê hulle het inligting dat ek inligting vanuit die kommissie aandra na polisie-hoofkantoor.<br>Ek is toe die volgende oggend deur ’n Deense polisie-offisier met wie ek baie goed bevriend was ingeroep en hy het my vertel hy was die vorige aand by ’n vergadering waar hierdie ding geopper is en dat regter Goldstone gesê het: It’s the time to go for him en hy wil my net aftip dat hulle vermoed dat ek inligting oordra, maar dat hulle nie die bewyse het nie en dat hulle my gaan terugstuur polisie toe. |

| | |
|---|---|
| | Ek het my toe voorgeneem en toe ek die volgende oggend by die kantoor kom by die Goldstone-kommissie kon my sleutel nie die voordeur oopsluit nie en toe moet ek staan en wag tot die ander persone kom werk en toe is my kantoor ook toegesluit en ek kon nie in my kantoor ingaan nie.<br>Ek moes in die gang staan en toe besluit ek as ek mooi Afrikaans kan praat: “Fok julle”.<br>En toe maak ek ’n afspraak vir die regter en sê vir hom: “I think it is the time to go,” en ek het hom toe versoek om terug te gaan polisie toe. Ongelukkig toe ek die volgende dag by polisie-hoofkantoor aanmeld was die Night of the Generals met leë deure so ek het daar ook in die gang gestaan. |